
AFRICAN CLIMATE ALLIANCE

# WAT IS INTERSEKSIONALITEIT (INTERSECTIONALITY) EN HOEKOM IS DIT BELANGRIK WANNEER ONS DIE KLIMAATKRISIS AANSPREEK?

*Hierdie hulpbron gaan bes gepaard met ons hulpbron "Wat bedoel ons met klimaatsgeregtigheid?" Vind meer uit by africanclimatealliance.org/resources*




## WAT IS INTERSEKSIONALITEIT?


**Interseksionaliteit kom van die Engelse woord Intersectionality. Die stamwoord intersection (kruising) in hierdie geval verwys na die aansluiting, ontmoeting of kruising van twee of meer lewenservarings.**

**Die term intersectionality was in 1989 geskep deur Kimberle Crenshaw om die vele lae van ongelykhede in ons wêreld beter te verstaan.**

**Interseksionaliteit bestudeer die verband tussen diskriminasie en onderdrukking.** Dit erken dat daar aansienlik meer vorme van onderdrukking gelyktydig teenwoordig is in 'n persoon se lewe of in 'n spesifieke stryd (bv. klimaatsgeregtigheid). **Voorbeelde van onderdrukking sluit klassisme, rassisme en homofobie in.**



## INTERSEKSIONALITEIT IS 'N RAAMWERK WAT ONS KAN GEBRUIK OM DIE KOMPLEKSE SISTEME VAN ONS WÊRELD TE VERSTAAN TERWYL ONS DIE KLIMAATSKRISIS MEER EFFEKTIEF EN MET GELYKHEID AANPAK.



Die wêreld werk só dat die mense wat die meeste ly onder ongelykheid, strukturele rassisme en klassisme, en ander sisteme van onderdrukking, ook die ergste ly onder die nagevolge van klimaatsverandering en ander natuurrampe. **Deur die interseksionaliteit raamwerk toe te pas, kan ons konsentreer op die mense wat die meeste aangetas is.** Hierdie laat ons toe om beter oplossings en toepassings te ontwikkel waarby almal baat kan vind.

Dit is belangrik om ook te verstaan dat **die idee van interseksionaliteit nie al die kwessies van ons wêreld kan oplos nie.** Dit is egter 'n belangrike raamwerk wat ons kan gebruik om betrokke te raak in die probleme van bevoorregting en mag - asook om die gepaste pad vorentoe te beplan.



AFRICAN CLIMATE ALLIANCE

# VOORBEELDE VAN DIE TOEPASSING VAN DIE INTERSEKSIONALITEIT RAAMWERK OP OMGEWINGSKWESSIES:

## PROBLEEM

Tydens Apartheid in Suid Afrika het die Groepsgebied wet Swart en Bruin mense geforseer om gebiede te verlaat wat vir wit mense geklasifiseer was.

Hulle was verskuif na areas met swak omgewings toestande en onvoldoende hulpbronne.

Daar was min bome en plantegroei in hierdie areas. As gevolg daarvan het die meerderheid van gekleurde mense erge hittegolwe, vloede en voedselonsekerheid ervaar.

## OPLOSSING

ADit is belangrik om maatreëls te tref wat sosiale, ekonomiese en omgewings kwessies tergelyk aanspreek.

Byvoorbeeld: grondhervorming, en –hersteling, omgewingsbewuste en bekostigbare behuising, implementering van universele basiese inkomste toelae, voorsiening van toeganklike (omgewings) opvoedkunde, en die skep groen werksgeleenthede wat fokus op die oorgang weg van fossielbrandstowwe en om gedegradeerde grond te herstel en voedsel soewereiniteit op te bou.

---

Ontwikkelde nasies wat deelgeneem het aan die kolonisasie van Afrika en die onttrekking van Afrika se hulpbronne het aangehou om daardie hulpbronne te ontgin in maniere wat groot skaalse omgewingsskade veroorsaak het.

Dit is dieselfde lande wat die meeste bydra tot koolstofdioksied vrystellings wat die klimaatskrisis veroorsaak. Terselfdetyd is lande in Afrika meer kwesbaar vir die nagevolge van die sistemiese vernietiging van die klimaat en ons omgewing.

Mense van regoor die wêreld wat ernstig is om klimaatsverandering te konfronteer moet saam werk om regverdige oplossings te vind.

Byvoorbeeld: werk om te verseker dat ontwikkelde lande befondsing voorsien aan derde wêreld en ontwikkelende lande in die vorm van klimaatsregstellings. Regstellings wat deursigtig aangewend kan word, en mense voor wins te stel en gebruik kan word om oor te skakel na volhoubare praktyke en ekonomieë.

## DEFINISIES:

**ONDERDRUKKING:** **'n Wrede gebruik van mag of gesag.**

**DISKRIMINASIE:** **Die onregverdige behandeling van mense gebasseer op eienskappe soos ras, geslag, seksualiteit of ouderdom.**

**INTERSEKSIONALITEIT:** **Mense se verskeie sosiale identiteite, soos ras, geslag, seksualiteit en klas, dra by tot die spesifieke tipe sistemiese onderdrukking en diskriminasie wat daardie persoon (of groep) ervaar. Ons moet besef dat enige iets en alles kan mense ontmagtig.**

**OPPERGESAG:** **Die toestand van mag, gesag of hoër status oor almal anders.**